# Toetrede

## Liturgie van die Lig

### Als de ziele luistert

Guido Gezelle

Als de ziele luistert
spreekt het al een taal dat leeft,
't lijzigste gefuister
ook een taal en teeken heeft:
blâren van de boomen
kouten met malkaar gezwind,
baren in de stroomen
klappen luide en welgezind,
wind en wee en wolken,
wegelen van Gods heiligen voet,
talen en vertolken
't diep gedoken Woord zoo zoet...
als de ziele luistert!

Uit: Kleengedichtjes

Vrye vertaling:

### *As die siel luister*

*As die siel luister*
*praat als 'n taal wat leef*
*die sagste gefluister*
*het ook 'n taal en betekenis:*
*blare van die bome*
*gesels met mekaar geswind*
*golwe in die strome*
*babbel luid en goedgesind*
*wind en weiland en wolke,*
*weë van God 's heilige voet*
*vertaal en vertolk*
*die diep verborge Woord so soet*
*as die siel luister!*

# Woorddiens

## Lesing 1: Jesaja 6:1-8 (1953)

1 IN die sterfjaar van koning Ussía het ek die Here
sien sit op 'n hoë en verhewe troon, terwyl sy some
die tempel gevul het.
2 Serafs het bo Hom gestaan; elkeen het ses vlerke
gehad: met twee het hy sy aangesig bedek, en
met twee het hy sy voete bedek, en met twee het
hy gevlieg.
3 En die een het die ander toegeroep en gesê:
Heilig, heilig, heilig is die HERE van die leërskare.
Die hele aarde is van sy heerlikheid vol!
4 En die drumpelposte het gebewe van die geluid
van die roepers, en die huis het vol rook geword.
5 Toe het ek gesê: Wee my, ek is verlore! Want ek
is 'n man onrein van lippe en woon onder 'n volk
wat onrein van lippe is; want my oë het die Koning,
die HERE van die leërskare, gesien!
6 Maar een van die serafs het na my toe gevlieg
met 'n gloeiende kool in sy hand, wat hy met 'n
tang van die altaar af geneem het,
7 en my mond daarmee aangeraak en gesê: Kyk,
dit het jou lippe aangeraak, en jou skuld is weg en
jou sonde versoen.
8 Daarop hoor ek die stem van die Here wat sê:
Wie sal Ek stuur? En wie sal vir ons gaan? Toe
antwoord ek: Hier is ek, stuur my.

## Lesing 2: Romeine 8:12-17 (1953)

12 Daarom dan, broeders, is ons skuldenaars, nie
aan die vlees om na die vlees te lewe nie;
13 want as julle na die vlees lewe, sal julle sterwe,
maar as julle deur die Gees die werke van die
liggaam doodmaak, sal julle lewe.
14 Want almal wat deur die Gees van God gelei
word, dié is kinders van God.
15 Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny
om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die
Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons
roep: Abba, Vader!
16 Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons
kinders van God is;
17 en as ons kinders is, dan ook erfgename,
erfgename van God en mede-erfgename van
Christus, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat
ons ook saam met Hom verheerlik kan word.

## Broodjies vir die Pad

Het boek 'Eindelijk thuis' van de in 1996 overleden priester en wetenschapper Henri Nouwen is door het Nederlandse publiek uitgeroepen tot het mooiste spirituele boek. Nouwens broer Laurent nam de prijs gisteren in Utrecht in ontvangst.

In 'Eindelijk thuis' beschrijft Nouwen in een kritisch zelfonderzoek zijn onrust, twijfel en worsteling met het leven. Dat doet hij aan de hand van Rembrandts schilderij 'De verloren zoon' waarbij de schrijver steeds een ander perspectief kiest. Nu eens ziet hij de verloren zoon in zichzelf, dan weer de zoon die - in een hoek van het schilderij - thuisbleef en tot slot spiegelt hij zichzelf aan de vaderfiguur.

Opvallend is, volgens Slingerland, dat zowel 'Eindelijk thuis', als de nummer 2 - 'Het Tibetaanse boek van leven en sterven' van de boeddhist Sogyal Rinpoche - boeken zijn van meer dan dertig jaar oud.

En dat terwijl lezers ook konden stemmen op nieuwe en heel praktische boeken zoals 'Weg met de warboel' van de Britse auteur Karen Kingston over de weldadige werking van een opgeruimd

huis, of op 'De hele olifant in beeld' van bioloog Marja de Vries, die overeenkomsten schetst tussen de meetbare wereld van de materie en de onzichtbare wereld van levensenergie en op 'Geluk', onder redactie van Leo Bormans, waarin honderd hoogleraren uit alle delen van de wereld, steeds in drie bladzijden hun recept geven voor geluk.

Slingerland noemt 'Eindelijk thuis' een boek dat de lezer raakt, ontroert en uitdaagt tot zelfonderzoek. "Het is een intelligent, gelaagd werk. Nouwen laat zien dat je je hart kunt volgen, zoals hijzelf deed door een glanzende wetenschappelijke carrière te verruilen voor werk in de gehandicaptenzorg, maar dat dat niet automatisch betekent dat je problemen zijn opgelost. Dit in tegenstelling tot veel spirituele boeken die de lezer instant geluk beloven."

**Uitslag**

1. Eindelijk thuis: 1043
2. Het Tibetaanse boek van leven en sterven: 801
3. De hele olifant in beeld: 367
4. Weg met de warboel: 83
5. Geluk.: 67

Totaal aantal stemmen: 2331

http://www.trouw.nl

◆◆◆

When Eastern Orthodox believers celebrate the Trinity, they start in a different place than their western cousins. And it's a good place to start when worshipping God. Western theology tends toward intellectual abstraction. Eastern theology emphasizes adoration of the mystery. It has always been wary of the inadequacies of human language, the limitations of the human mind, and the infinity of God.

The desert father and intellectual Evagrios of Pontus (345–399), who spent the last sixteen years of his life among unlettered Coptic peasants in the harsh Egyptian desert, one observed: "God cannot be grasped by the mind. If he could be grasped he would not be God."

Similarly, the Syrian monk and bishop John of Damascus (676–749) wrote in his *Exposition of the Christian Faith* (I.4): "It is plain, then, that there is a God. But what he is in his essence and nature is absolutely incomprehensible and unknowable. God then is infinite and incomprehensible; and all that is comprehensible about him is his incomprehensibility."

http://www.journeywithjesus.net

## Brood vir die Pad

### 'Ek, Tarzan' maak plek vir 'ons van Afrika'

deur Wilhelm Jordaan

Verlede week se Afrika-dag het my herinner aan berigte oor Europeërs en wit Suid-Afrikaners wat vir die pret 'n "Afrika-dag" vier – met fantasiekostuum-partytjies.

Dan word "Afrika-drag" gedra en die rolle gespeel van Afrika-karakters soos hoofmanne en -vroue, toordokters, sjamaans, ensovoorts. Met prins William van Engeland se 21ste verjaardag is so 'n partytjie gehou. Daar was ook 'n Tarzan en 'n Jane; selfs Tarzan se ouers, lord en lady Greystoke, à la die verhale van Edgar Rice Burroughs.

Op die oog af lyk dié oppervlakkige vereenselwiging met Afrika se mense en tradisies heeltemal onskuldig. In die onskuld skuil daar egter 'n koloniale en postkoloniale subteks:

Die Amerikaanse skrywer en wêreldreisiger Paul Theroux, wat lank in Afrika gewerk het, reken sulke oppervlakkige vereenselwigings demonstreer die eeue oue Westerse "fassinasie met die eksotiese".

Reeds in die sesde en sewende eeu was daar in Europa allerlei mites oor Afrika se vreemde, eksotiese wesens. In die Spanjaard Isodore van Sevilla (580-636 n.C.) se Etymologiae word byvoorbeeld vertel van Afrika-wesens met net een been wat vinnig kon hardloop en van wesens wat sonder koppe gebore word, met hul oë en mond in die borskas.

Teen dié agtergrond is die laat 15de- en vroeg 16de- eeuse Westerse handelsekspedisies onderneem. Dit het die "stormloop om Afrika" ingelui.

So het al hoe meer Westerlinge hulle in Afrika gevestig. Baie van hulle, sê Theroux, het 'n "Tarzan-kompleks" vertoon – 'n onstilbare nuuskierigheid oor die eksotiese van die oerwoud en die begeerte om goed te wees en goeie dinge te doen vir en met Afrika-mense; "Bwana" saam met sy diere en mense.

Die belangrikste oorweging was egter om uitbuitende mag te bekom wat welvaart uit die ryk Afrika-bodem sou verseker. Hulle het gou geleer hoe om in Afrika te leef en te oorleef, Westerse (Christelike) waardes neerbuigend op te dwing en baas te speel oor die Afrika-mensheid.

Barbara Kingsolver se roman The Poisonwood Bible, wat in die 1950's in die destydse Belgiese Kongo afspeel, verbeeld watter misverstande, uitbuitings en tragiek gespruit het uit 'n kombinasie van goeie bedoelings, blinde kersteningsywer en dominerende hulpverlening.

Juis dít het die menshede van Afrika en Europa van mekaar vervreem.

Sal dit dan ooit gebeur dat Suid-Afrika se bont versameling mense hulle gesamentlik en diepliggend vereenselwig met 'n Afrika-dag – ver anderkant pret en oppervlakkigheid?

Stellig wel, as "ons" van Europa en "hulle" van Afrika 'n nuwe "ons" begin nastreef en uitleef. Met 'n gedeelde plekbewussyn – 'n leefruimte gevul met die klanke, die stof, die geure, die plante, die mense en die son van Afrika; dit waarna jy verlang as jy lank weg was…

http://www.beeld.com/Rubrieke/WilhelmJordaan/Ek-Tarzan-maak-plek-vir-ons-van-Afrika-20120529

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877